Kleingroepe

vierde kwartaal reeks
3-9 November 2013

OMGEE-TYD

Deel met mekaar hoe julle week was? Bv. Noem twee dinge van die afgelope week waarvoor jy baie dankbaar is. Iemand doen namens die Kleingroep ‘n gebed om die saam-wees aan die Here op te dra. Laat almal hulle handpalms na bo draai tydens die gebed.

LEER-TYD

Blaai saam deur die boek Miga. Kyk oorsigtelik na elke hoofstuk, na die opskrifte en temas. Kyk na die oordeelswoorde, die aanklagte, die verkeerde dinge wat God se volk doen. Let ook op na die woorde van hoop en herstel.

Lees dan Miga 8:6-8

Gesels oor die volgende vrae:

- Wat is julle siening van God? Is Hy net ‘n God van liefde en genade? Is Hy ‘n God van reg en geregtigheid? Of is Hy beide ‘n God van geregtigheid en liefde? Hoe moet ons God verstaan nav Miga se totale boodskap?
- Hoe dink julle oor God wat straf? Straf Hy nog steeds vandag soos in Miga tyd en die tyd na Miga toe die volk van God in ballingskap weggevoer was en groot dele van die stede en land verwoes was?
- Wat vra God van ons steeds vandag en hoe kan ons dit prakties toepas binne gemeente-konteks en in ons huise?

Lees Miga 4 en 5. Hoe kan ons dit verstaan in terme van Christus as die Een wat sou kom (Messias) en God se koninkryk kom vestig.

AANBID-TYD

Lees Miga 7:18-20 en draai twee-twee na mekaar en reageer in gebed op hierdie verse. Doen ook voorbidding vir mense wat deur moeilike tye gaan. Asook die Gemeenteraad as leiers van Blancogemeente.

DIEN-TYD

Waartoe word ons vandag steeds geroep? Wat moet ons in ons eie omgewing gaan doen? Hoe kan ons die boodskap van Miga koppel aan die visie van Blancogemeente (gestuurde familie meer en meer soos Jesus)